Rustenburg Gemeenskapskerk

15 Junie 2025

Posbus / PO Box 20146
Protea Park 0305
www.rtbgkerk.org

Ds. Theo Möller - 066 2703086
Ds. Ernst Gottschalk - 072 3954554
E-pos / E-mail: rtbgkerk@gmail.com

Hartlik welkom by die RGK

09h00 - Erediens

RGK Nesbouers

Bly steeds in jou eie Omgee-groep en wees ook deel van die 24-40 jarige- groep: Die **NESBOUERS** o.l.v. ds. Ernst en Monique. Skakel hom gerus vir inligting: 072 395 4554

Jeugdag

'n Mens moet keuses maak tussen reg en verkeerd. Mens kies tussen lig en donker, tussen lewe en dood. Maar tóg is daar 'n derde keuse ook. Dit is die keuse om nie te kies nie, beter gestel om albei te kies. Dit is soos om wydsbeen te loop, soos om in albei bane in die pad te ry. Dit is die gevaarlikste keuse. Soos ons in kerktaal sê, die keuse tussen God en Mammon. Om albei aan te hang, is slegter as om teen die lig of lewe te kies. Almal van ons moet die een of ander tyd besluit wie ons gaan aanhang, die lewe of die dood. Ons moet kies tussen lig of donker ... Jongmense, mag julle altyd die lig kies. Mag julle die ligdraers in ons land wees, wat soveel donkerte het. Die keuse vir lig sal nie elke keer maklik wees nie, want dit is makliker om vir die donkerte te kies. Dit is makliker, ja, maar nie bevredigend nie. Kies vir die lig, sodat jy daar waar jy is, jou eie unieke lig kan versprei. 'This little light of mine, I'm gonna let it shine.' Mag ons jeug, die leiers van môre, die lig, wat in hulle is, laat skyn. God se eerste handeling was juis: "Laat daar lig wees en daar was lig." Julle is mos die lig van die wêreld.

Verjaarsdae 15 - 21 Junie 2025

15-Johan Wagener
16-Morné Pieterse
17-Abel Breytenbach
18-Reinard Schoeman, Retha Nel
19-Gerhard Dreyer
20-Esje Bouwer,
Marí Meyer, Tersia Truter

Veritas Bybelskool

Die lidmate wat daar-voor geregistreer het , vind die inhoud baie leersaam en ver-rykend. Die volgende byeenkomste vir Junie is die 12de en 26 ste om 10h00 of

Teebeurte

15 Junie: Vrywilligers - bring jou eie gunsteling koffie-beker saam en kom kry 'n warm koppie koffie voor erediens.
Ons verkoop ook "CAPPUCCINOS" vir R20
22 Junie: Groep 7+9

Herinnerings-Sondag 29 Junie 2025

Ons wil graag jaarliks ons geliefdes wat af-gesterf het, se lewens en ons herinneringe aan hulle vier. Ons doen dit tydens die erediens van Sondag 29 Junie 2025. Ons benodig 'n foto, name en vanne van jou geliefdes. Dit hoef nie net gemeentelede te wees nie. Stuur dit asb na Esta - 082 377 8682

i - toonbank in portaal vir:

- Nuwe lidmaat registrasie
- **Nuwe selfoonnommers / Eposse**
- **adresse en veranderinge**
- Inligting oor gemeente-projekte
- Inligting oor inskakeling by 'n omgeegroep,bediening, ens.
- Huisbesoek-afsprake
- Maandelikse dankoffer-reëlings
- Kategese program en registrasie
- Almanake
- Karnaval kaartjies

Dankoffers

Ons Kerk se:
- instandhouding
- groei
- hulpverlening
kom @ 'n prys. Kan jy asb. maandeliks help? Enige bedrag is welkom!

☑ EFT
☑ Stoporder

Bydraes tot Kerk en Barmhartigheid

Rustenburg Gemeenskapskerk
FNB
Tjekrekening: 62178931129
Takkode: 258055
Verwysing: Naam en van

Kaart fasiliteite sal elke Sondag beskikbaar wees by I-toonbank

Bid vir ons lidmate

- Hannetjie Barnard
- Ina Pretorius
- Breggie Opperman
- Ivy Swart
- Andrew Brown
- Miemie Nel
- Didi Breytenbach
- Henk Beumer
- Isabel McDonald
- Calvin Borcher
- Maddy Harvey
- Marinda Grobler